SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 31 AUGUSTUS 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

2003 HF GELYKGOLFKOMPETISIE

INTEGNET 2003 ONDERSOEK KRAGLYNKOMMUNIKASIE

HAMNETNUUS

2003 SARL BHF/UHF-KOMPETISIE

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL-webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede:

2003 HF GELYKGOLFKOMPETISIE

Die 2003 SARL HF Gelykgolfkompetisie sal vanmiddag, Sondag 31 Augustus, van 14:30 tot 18:30 SAT op die lug wees. Die doel van die kompetisie is om soveel moontlik GG kontakte met stasies in suider-Afrika te maak op die 20, 40 en 80 meterbande. Deelnemers word gevra om slegs die volgende gedeeltes van die bande te gebruik: 14,030 tot 14,060 MHz; 7,010 tot 7,035 MHz en 3,510 tot 3,560 MHz. Die RST en 'n reeksnommer wat by 001 begin word uitgeruil.

'n GG-kontak tel twee punte. Twee punte word bygetel vir elke roepgebied wat per band gewerk word, en nog twee punte vir elke stasie wat op al drie bande gewerk word. Sertifikate word toegeken vir die eerste drie plekke en vir die hoogste enkelbandtelling in die kompetisie. 'n Trofee word toegeken aan die GG deelnemer wat is sy of haar eerste jaar van GG die hoogste telling behaal. Kandidate vir hierdie trofee moet die uitreikingsdatum van hul lisensie op die opsommingsblad aandui.
Daar is ook 'n trofee vir die hoogste gekombineerde telling in die GG- en

foonkompetisies. Die reëls kan op die SARL se webwerf by www.sarl.org.za gekry word.

VOLGENDE INTEGNET 2003 ONDERSOEK KRAGLYNKOMMUNIKASIE

Sluit vanaand, Sondag 31 Augustus, om 19:00 aan by die volgende SARL Integnet 2003. Die program sal in diepte kyk na die probleme met kraglynkommunikasie. Die vraag na wyebandkommunikasie en goedkoop toegang na hoëspoedinternet is besig om vinnig te groei en dit het ingenieurs aangemoedig om nuwe oplossings soos ADSL en Wyeband Kraglynkommunikasie (BPLC in Engels) te ontwikkel. ADSL werk op gewone kopertelefoonkabels terwyl BPLC of PLC op die elektriese hoëspanningskabels werk. Navorsing het bewys dat ADSL baie min of geen steurings aan radiokommunikasie veroorsaak nie, maar dat BPLC omtrent alle radiokommunikasie op meeste van die HF- spektrum ontmoontlik maak.

Tydens die program sal verskeie tegnologieë en die impak op radiokommunikasie bespreek word, asook die aksieplanne van die IARU en nasionale amateurradioverenigings om grootskaalse inwerkingstelling te verhoed. Die program sal eindig met 'n bespreking oor watter aksies Suid-Afrikaners moet neem om te verhoed dat BPLC in werking gestel word.

Klubs en takke wat hulle herhalers by die Integnet wil inskakel moet 'n versoek per e-pos voor 12:00 vandag stuur aan armi@sarl.org.za. Verskaf asseblief dekkingsbesonderhede van die herhaler, frekwensie en die telefoonnommer wat gekoppel sal word aan die Telkom Telekonferensiesentrum.

HAMNETNUUS

Francios, ZS6BUU, sê dat die HAMNET Woensdagaand Indaba weer in die lewe geroep gaan word. Danksy 'n voorstel van Martin Harper, ZS6MSG, gaan 'n informele sameroep Woensdagaande op die 145,700 Sandton/Hamnet herhaler gelooDs word.

Die idee is om HAMNET-lede en belangstellendes vanaf 19:00 Woensdagaande saam te trek om idees uit te ruil. Hierde instelling is reeds baie jare suksesvol in KwaZulu-Natal en was vroeêr jare onder die leiding van Chris, ZS6VB, hier in Johannesburg. Ons beplan om aanvanklik net van 2 meter gebruik te maak, maar sal belangstelling dop hou en moontlik uitbrei na HF.

Wat ons as Hamnetlede ook graag weer in die lewe wil roep is die uitruil van daaglikse weerverslae oor die land. Graag doen ons 'n beroep op Hamnetlede om saans om 18:00 op 7,070 MHz byeen te kom en verslae or die weer uit te ruil - veral nou met die somer aan die kom.

UITSTEL VAN DIE SLUITINGSDATUM VIR HERNUWINGS

SARL-lede word herinner dat die afsnydatum vir ledegeldhernuwings tot 31 Oktober aan geskuif is. Dit is as gevolg van die besondere omstandighede hierdie jaar met die laat uitstuur van lidmaatskapfakture en die nie-ontvangs daarvan deur sommige lede.

ONBEKENDE ROEPSEINE

Die QSL-Buro het SARLnuus voorsien van 'n lys van ongeveer 122 roepseine vir wie daar QSL-kaarte is. Die roepseine sluit in ZU- roepseine asook verskeie kompetisie- en spesiale geleentheidstasieroepseine. Die lys is saam met HF-Nuusbrief No 61 uitgestuur en dit is ook beskikbaar op die SARL se webwerf by
www.sarl.org.za/hf_happenings.asp (hf_happenings). Vra jou klub/taksekretaris vir 'n afskrif van die HF-Nuusbrief of besoek die SARL se webwerf en help die QSL-buro met die nodige inligting.
Stuur die inligting aan admin@sarl.org.za.

2003 SARL BHF/UHF-KOMPETISIE

Die tweede been van die SARL BHF/UHF-kompetisie sal vanaf 12:00 SAT op Saterdag 20 September tot 12:00 SAT op Sondag 21 September op die lug wees. Dit gee jou so drie weke om jou planne reg te kry vir hierdie naweek. Aktiwiteit sal op 6, 4 en 2 meter asook op 70 en 23 sentimeter plaasvind.

Die reëls vir die kompetisie kan van die SARL se webwerf by www.sarl.org.za afgelaai word. 'n Afskrif van Nico, ZS4NS, se program SARLVU kan ook afgelaai word.

KLUB- EN TAKNUUS

Die Algemene Jaarvergadering van die Bloemfontein Radioamateurklub word om 14:00 op Saterdag 6 September in The Shack by die Lugmagbasis Bloemspruit gehou. Na die vergadering word 'n bring en braai gehou.

Die AJV van die Highway Amateurradioklub is op Dinsdag 19 Augustus gehou. Die volgende lede is tot die komitee verkies:

Lawry Lauf, ZS5HV Voorsitter; Brad Phillips, ZS5BP Onder-voorsitter; Tony Mayall, ZS5GR Sekretaris; En ander lede:- Eric Mawhinney, ZS5EWM; Bradley Glen, ZS5WT; Keith Lowes, ZS5WFD; Dave Holliday, ZR5CW; Sean Pritchard, ZR5SEP; Bruce Taylor, ZS5BR.

Portfolios sal tydens die komiteevergadering op 9 September aan die ander lede toegeken word.

By die laaste Komiteevergadering van die Pretoria Amateurradioklub is portfolios toegeken aan die volgende lede:

Voorsitter, SARL-skakeling en nuusbrief: Hans Kappetijn, ZS6KR; Ondervoorsitter, openbare betrekkinge, vlooimark en RAE: Almero Dupisani, ZR6RY; Sekretaris, tydrenne en toekennings: Johan de Bruyn ZR6JHB; Tesourier, klubhuis en databasis: Richard Peer ZR6CK; Klubfasiliteite, vlooimark en sosiaal: Willie Greyling ZR6WGR;

Geko-opteerde lede: Ouditeur: Egbert Begeman, ZS6AZG; Tydrenne: Johann de Beer, ZR6YV; Webwerf (tydelik): Rudi Venter, ZS6DX; RAE: Brian Scott, ZR6BJS; Jakkalsjag, Morse-eksamens: Bill Ingleson, ZS6KO; Tegnies: Johan

Lehmann, ZR6ANF; Herhalers: Hans Gurtel, ZR6HVG; Herhaleronderhoud: Willie du Plessis, ZS6AEA.

Die klub hoop om weer 'n suksesvolle jaar tegemoet te gaan.

DATUMS OM TE ONTHOU

31 Augustus vandag: Eerstens die President se net om 12:00 op 7 072 kHz; Tweedens die SARL HF-Gelykgolfkompetisie van 14:30 tot 18:30; en laastens die SARL Integnet oor Kraglynkommunikasie om 19:00.

20/21 September: Die tweede been van die SARL BHF/UHF-kompetisie.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Dennis, ZS4BS, en gelees is deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

U het geluister na ZS6SRL, dankie dat u by ons aangesluit het. Baie dankie aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX